Verwysing: 20191210-2602
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0001/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Wes-Kaap Onderwysdepartement se 2020-kitsopname vir gewone openbare en onafhanklike skole

1. Die kitsopname vir gewone openbare en onafhanklike skole word vir die administrasie en bestuur van skole, asook die voorsiening van hulpbronne vir 2020 gebruik.

2. Die prinsipaal moet die kitsopname op **28 Januarie 2020** (tiende skooldag) op SOBIS voltooi en afteken.

3. Voor die prinsipaal op SOBIS afteken, moet daar verseker word dat die volgende afgehandel is:

   a) Alle leerders wat vir 2020 geregistreer is en skoolgaan, moet in hul regte graad en klas op SOBIS verskyn.
   b) Enige leerders wat na verwagting sou terugkeer, maar egter nie op 28 Januarie 2020 by die skool aangemeld het om in te skryf nie, word volgens die leerderbywoningsbeleid gederegistreer. (Hierdie leerders kan weer op SOBIS geregistreer word indien hulle ná 28 Januarie 2020 vir toelating aanmeld.)
   c) Die lys van opvoeders/praktisyns op SOBIS moet op 28 Januarie 2020 bygewerk en geverifieer word, en hulle amp moet ook bevestig word.
   d) Die afteken-afdeling van die opname moet op 28 Januarie 2020 voltooi word om te staaf dat die verifikasie van die data 'n ware voorstelling is van die leerderinskrywings en getal personeel.
   e) Prinsipale word herinner aan hul rol as die institusionele OBIS-beamptes en moet verseker dat die inligting wat tydens die kitsopname ingesamel is 'n ware voorstelling van die getal leerders en personeel is, soos op daardie skooldag.
   f) Prinsipale moet verder verseker dat die regte leerdergetalle vir die kitsopname vasgelê word, aangesien die wanvoorstelling van leerdergetalle as bedrog beskou word.

4. Om te help met die verifiëring van skole se leerder- en opvoederdata, is daar 'n aantal foutverslae beskikbaar gestel wat as riglyne sal dien om te verseker dat bestaande data wat op SOBIS vasgelê is wel waar is.

5. Verseker asseblief dat alle foute wat in hierdie verslae aangedui word voor aftekening opgelos is.

6. Gesien in die lig van die risiko's verbonde aan verkeerde inskrywingsdata wat deur skole verskaf word, soos deur die Interne Ouditeenheid geïdentifiseer, moet distrikte willekeurig 'n minimum van 10 persent van die skole in 'n kring kies vir sensusopname voor die kitsopname se uitslae afgehandel word. Enige teenstrydighede wat tydens die sensusproses gevind word, moet aan die skool teruggestuur word vir regstelling.

7. Kringbestuurders moet die kitsopname teen die sperdatum op **03 Februarie 2020** afteken. Die kringbestuurders moet die vordering monitor en sal nie op die opname se datastelle kan afteken as daar steeds foute is nie, en ook nie waar prinsipale nie hul kitsopnames afgeteken het nie.

8. 'n Nasionale identiteitsnommer (ID-nommer) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van ID-nommers nie en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te vergemaklik. Bied raad aan die ouer/s oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldige ID nie. Waar moontlik, moet prinsipale die ouer/s bystaan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te vergemaklik. Verwys na Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanningsminuut 0005/2014 vir meer inligting.

9. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kontak asseblief die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar in die volgende lys:

DISTRIK	DISTRIKSAMPTENAAR	TELEFOONNOMMER	E-POS
Metro-Noord	Masixole Stofile Zintle Notununu	021 938 3052 021 938 3101	masixole.Stofile@westerncape.gov.za Zintle.Notununu@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita Mcgrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7305 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden Shamiel Abrahams	023 348 0635 023 348 0655	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za shamiel.abrahams@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za

Eden en Sentrale Karoo	Romelda Booysen Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	romelda.booysen@westerncape.gov.za Keith.zibi@westerncape.gov.za

10. Die kwaliteit van OBIS-data sal aan norme-en-standaarde-oordragbetalings gekoppel word. OBIS se data-nakomingsverslae sal deur SOBIS aan prinsipale beskikbaar gestel word. Prinsipale moet die prosesse van die kitsopname koördineer om te verseker dat data korrek vasgelê, tydige voltooi en dienooreenkomstig afgeteken word.

11. Die Direktoraat: Kennis- en -Inligtingsbestuur monitor die nakoming, data-kwaliteit en aftekening van u kitsopname se voorleggings. Enige nienakoming, teenstrydighede en data-tekorte sal aan die Hoof van Onderwys (HvO) gerapporteer word.

12. Gewone onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel is van hierdie voorwaardes. Nienakoming kan tot deregistrasie lei.

13. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2020.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-01-10